NG Gemeente Knysna

PINKSTER 2011

(Opsteller:Prof Dirkie Smit. Aangebied deur Di. Christo Landman & Herman Retief))

DONDERDAGAAND 2 Junie 2011HEMELVAARTDIENS

MATTEUS 28:16-20 - Om Jesus te sien…

Tydens Pinkster dink die kerk aan die uitstorting en werk van die Heilige Gees. Maar wat dóén dié Gees? Deur die eeue bely die kerk dat die Heilige Gees *lewe gee* – lewe in die kerk, lewe in die lewens van gelowiges, lewe in die skepping.

In ons eie kerklike tradisie dink ons ook aan die talle Pinkstertye en Pinksterfeeste van die afgelope 150 jaar en hoe die Pinkstergees deur die Woord in gemeentes en in gelowiges nuwe lewe gegee het.

Die Matteus-Evangelie is 'n *kerk-evangelie*. 'n Evangelie oor die aard en roeping en alledaagse lewe en ervaringe van die kerk. In Matteus leer ons alreeds iets van die Pinksterkerk. Matteus wou sy eie gemeente leer *oor hoe om kerk te wees*.

Hoe doen hy dit? Deur vir hulle te vertel van Jesus Christus. Hy doen presies wat die Heilige Gees van Pinkster doen. Die Gees verheerlik Jesus - vanaf sy geslagsregister en geboorte (in hoofstukke 1 en 2) tot met sy kruisiging en opstanding (in hoofstukke 26-28), dwarsdeur sy bediening, sy lewe, sy woorde, sy werke. *Matteus vertel vir hulle – en vir óns – van Jesus*.

Matteus se Evangelie is amper soos drie transparante wat bo-op mekaar lê, sodat die patrone op die drie saamsmelt. *Matteus vertel vir ons die verhaal van Jesus, die verhaal van die dissipels, en die verhaal van die kerk van alle eeue, van alle tye en plekke daarna, ook ons eie verhaal, vandag nog.*

Dit is asof hierdie verhaal *in hierdie laaste, merkwaardige, wonderbare, dramatiese, aangrypende verse van hoofstuk 28:16-20 ontknoop*. Hierdie paar verse is soos die laaste hoofstuk van 'n spannende storieboek, die laaste episode van 'n televisie-reeks – alles pas skielik in mekaar! Terugskouend maak alles skielik sin. Sonder hierdie ontknoping was die volle verhaal nog nie klaar vertel nie. Alles wat vooraf gebeur het, is nodig om die betekenis van hierdie laaste oomblikke te begryp, en omgekeerd, wie nie al die vorige episodes gevolg het, sal nooit kan begryp wat hier gebeur nie. *Die laaste oomblikke onthul álles! – maar slegs vir dié wat die hele storie gehóór het*.

Presies só is dit met *hierdie laaste dramatiese woorde van Matteus*. 'n Mens moet as 't ware al die episodes gesien het, al die karakters ken, om goed te begryp hoe alles nou hier ontvou – en wat hierdie wonderlike wat Matteus vir ons neerskryf werklik beteken.

"*Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. Jesus kom toe nader en sê vir hulle: 'Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld'" (28:16-20).*

Net elf dissipels, nie meer twaalf nie. In Galilea, op die berg, dáár sal hulle Hom sien. Dis waarheen Hy hulle immers bevéél het om te gaan, as hulle saam met Hom wil wees. As hulle die Opgestane Jesus sien bid en twyfel hulle tegelykertyd. Maar Jesus kom nader na hulle toe, dáár op die berg,

terwyl hulle aanbid én twyfel tegelyk. Jesus práát met hulle. Hy gee opdragte – gaan die wêreld in, maak nuwe dissipels, léér hulle. Hy gee beloftes – Onthou: Ek is met julle, áltyd.

Ons gaan *in die dae wat volg 'n paar van dié motiewe nagaan*. Ons begin vandag net deur te sien dat die dissipels – en daarom die kerk van die eeue, ook óns vandag – vir Jesus leer ken op die berg, in Galilea. *Wie Jesus wil sien en ken, moet na die berg gaan. Op die berg in Galilea kry ons Jesus in sig – en dán sien ons ook die dissipels, én die kerk, daar op die berg*. Trouens, volgens Lukas was dit ook op die berg in Galilea dat Jesus opgevaar het na die hemel, terwyl sy dissipels nog so na Hom staan en staar het (Handelinge 1:9-12). Volgens Matteus is dié berg nie sommer enige plek nie. Sy Evangelie eindig nie sommer sonder rede hier nie. Op die berg is ons sáám met Jesus. *Daar sien ons Hóm – én onsself*.

Hemelvaart is as 't ware die skarnier tussen Jesus se bediening en die dissipels, die kerk, óns bediening! As hemelvaart nie gebeur het nie, het die kerk nie gebeur nie, was ons nie vanaand hier nie. As hemelvaart nie gebeur het nie, was daar nie 150 jaar van Pinksterbidure in die NG Kerk met al die seën wat dit vir soveel duisende, om nie te sê miljoene, mense ingehou het nie.

Ons bid in dié Pinkstertyd saam dat die Heilige Gees wat lewe gee ook vir óns opnuut vir *Jesus* sal laat sien, sodat ons sy *kerk* opnuut kan sien, die áárd van sy kerk, sy róéping van die kerk, sy belóftes aan die kerk, sodat ons *onssélf* opnuut sal sien.

SONDAGOGGEND 5 Junie 2011

MATTEUS 28:16-20; 4:23-5:1; 15:29-31 - OP DIE BERG

"Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan." In hierdie laaste woorde van Matteus se Evangelie ontknoop sy hele verhaal. Hier sien sy lesers wie Jesus is, wie die kerk is en wie hullesélf is.

Matteus beklemtoon dit vir ons dat Jesus *van Galilea* af kom (2:22-23). Dáár het Hy sy bediening begin (3:13). Dáárheen trek Hy Hom terug (4:12-13). Dáár begin Hy preek en sê dat die koninkryk naby gekom het (4:17). Dáár roep Hy sy dissipels (4:18 ev). Dáár word die eerste keer duidelik wie Hy is, waarvoor Hy gekom het, wie Hy roep en wáárom Hy hulle roep. Daarom kan dit net nie anders dat hulle aan die einde weer saam met Hom in Galilea op die berg sou wees nie.

Daar onthou hulle hoe Matteus al in hoofstuk 4 Jesus se hele lewe en bediening saamvat: *"Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak. En berigte oor Hom het deur die hele provinsie Sirië versprei. Die mense het toe die siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat in die mag van bose geeste was, geestelik versteurdes en verlamdes na Hom toe gebring, en Hy het hulle gesond gemaak. Groot menigtes uit Galilea, Dekapolis, Jerusalem, Judea en van oorkant die Jordaan af het Hom gevolg. Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom, en Hy het hulle geleer en gesê..." (4:23-5:2).*

Matteus se Evangelie wil ons van die *woorde en die werke* van Jesus vertel. Die woorde word in *vyf groot preke*saamgevat, wat elkeen die *koninkryk* verkondig. In hoofstuk 5-7 kry die ons *bergrede* waar Jesus, daar op die berg in Galilea, as 't ware die grondwet van die koninkryk uiteensit. Hoofstuk 10 is die sogenaamde *sendingrede*, waarin Jesus sy volgelinge uitstuur om presies soos Hy te gaan préék en te gaan dóén en só die koninkryk te gaan verkondig. Hoofstuk 13 is wat genoem word die *gelykenisrede*, waarin Jesus begin duidelik maak hoe die verkondiging van die koninkryk hom vasloop teen groeiende misverstand en wéérstand – by die skare, by die godsdienstige leiers, maar óók by die

dissipels. Hoofstuk 18 is die *kerk rede*, 'n toespraak oor dissipelskap, waarin Jesus uitspel hoe dié kerk lyk wat in die koninkryk glo en dien. Hoofstuk 23-25 is die *profetiese rede*, waarin Jesus praat oor die verwagting van, die beloftes oor en die tóékoms van die koninkryk. - Vyf preke, almal oor die koninkryk.

Rondom dié vyf preke weef Matteus dan *die vertelling van Jesus se werke*. Dis die verhaal hoe Jesus sy dissipels roep, van die groeiende misverstand, weerstand en ontrou – by die skares, by die godsdienstige leiers, maar óók by die dissipels self, tót by Petrus! Dis die verhaal van Jesus se lyding, kruisiging en dood – tot hier by hoofstuk 28, waar al die drade sáámgebind word, daar op die berg in Galilea, waar hulle Jesus weer síén en waar hulle alles onthou wat hulle saam met Hom belewe het, alles wat hulle van Hom gehoor en geleer het.

Hulle onthou weer die einde van die bergrede waar Jesus sê dat ons ons lewenshuise op sy woorde moet bou, soos op rots, en nie op sand nie, sodat dit nie ineenstort as die winde teen ons waai nie. "*Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas oor sy onderrig, want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag* en nie soos hulle skrifgeleerdes nie. *Jesus het afgekom van die berg af,* en 'n groot menigte mense het saam met Hom gegaan" (7:24-8:1). – Hulle was saam met Jesus daar op die berg. Hulle het hulle verbaas oor die gesag van sy woorde – en dan gaan hulle van die berg af, maar hulle sou nooit dié ervaring vergeet nie.

Hulle dink weer aan die keer toe Jesus alleen gaan bid het: *"Net daarna het Jesus sy dissipels in die skuit laat klim om solank voor Hom uit te vaar na die oorkant toe terwyl Hy nog eers die mense huis toe laat gaan. Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen"* (14:22-23). Jesus alleen op die berg om te bid – só onthou hulle Hom. Dáár is Hy in gemeenskap met sy Vader. Dáár, op die berg – weet hulle – het Hy sy eie geheimenis ontdek.

Hulle sou nooit daardie keer by die See van Galilea vergeet nie: *"Jesus het daar vandaan vertrek en by die See van Galilea gekom. Hy het teen die berg opgegaan en daar gaan sit. Baie mense het na Hom toe gekom met verlamdes, blindes, gebreklikes, dowes en nog baie ander, en hulle voor Hom neergesit. Hy het hulle gesond gemaak, sodat die menigte hulle verwonder het toe hulle sien dat stommes praat, gebreklikes herstel is, verlamdes loop en blindes sien. En hulle het die God van Israel geprys. Jesus het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: 'Ek kry hierdie mense innig jammer, want hulle is nou al drie dae lank hier by My en hulle het niks om te eet nie. En Ek wil hulle ook nie sonder kos huis toe stuur nie, want hulle kan miskien op pad beswyk'* (15:29-32). – Hierdie gedeelte, weer op 'n berg in Galilea, vat Jesus se hele bediening saam. Jesus doen góéd aan mense in nood. Hy kry hulle innig jammer. Hy maak sy dissipels bewus van die nood van mense. Hier, vir oulaas op die berg saam met Hom, onthou hulle hoe Hy hulle geroep het om die skares met innerlike meegevoel en ontferming raak te sien.

Hulle dink aan die Jesus se waarskuwing dat wie Hom wil volg homself moet verloën, sy kruis moet opneem en sy lewe moet verloor. Net daarna vat Hy drie van hulle saam op die hoë berg waar hulle alleen is met Hom en dan verander sy voorkoms in stralende heerlikheid (16:24-17:9). Hy voorspel sy lyding, maar neem die dissipels, die verteenwoordigers van sy kerk, van óns, sáám met Hom op die berg sodat hulle daar bý Hom kan wees en dáár iets van sy heerlikheid kan sien, om hulle te bemoedig as hulle weer afkom op die pad na lyding en kruis dra. Hier aan die einde, op die berg, onthou hulle en verstaan hulle so 'n bietjie beter.

Die aangrypende profetiese rede kort voor sy kruisiging waar *Jesus op die Olyfberg gaan sit het en sy dissipels alleen na Hom gekom het* en Hom begin uitvra het oor die toekoms, is nog vars in hulle geheue. Dáár, alleen saam met hulle op die berg, vertel Hy vir hulle van dit wat nog voorlê, wat nog moet kom, wat nog wág. Hy gee vir hulle, en nét vir hulle, 'n kykie in die geheimenisse en gange van die geskiedenis. Sou hulle sulke oomblikke op die berg alleen saam met Hom later nie koester nie?

Dáárom is dit so geweldig as die engel by die oop graf vir die vroue sê: "Moenie bang wees nie. Ek weet julle soek vir Jesus. Hy is nie hier nie. Gaan sê vir sy dissipels. Hy gaan voor julle uit na *Galilea* toe. *Dáár sal julle Hom sien"* (28:5-7). En dan staan Jesus self voor hulle en sê wéér: "Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na *Galilea* gaan. *Dáár sal hulle my sien"* (28:9-10). En as hulle *in Galilea* kom, *op die berg*, waarheen Jesus hulle beveel het, dan síén hulle Hom – en dan onthou hulle ineens alles, wat Hy gesê het en wat Hy gedoen het.En hoedat Hy hulle genooi en geroep het om deel daarvan te word.

Die *berg in Galilea* is vir Matteus nie net 'n geografiese bestemming nie, 'n blote pleknaam nie. Nee, dis amper 'n metafoor vir Jesus se hele bediening, dit is byna 'n ander naam vir die Evangelieboodskap sélf.Kom ons stel ons daarom in hierdie Pinkstertyd daarop in om soos die dissipels vir Jesus te sien, vir Jesus-op-die-berg, sodat ons daarmee saam ook die kérk kan sien, wie die kerk is en wat die roeping van die kerk (en onssélf) is. En kom ons omhels, soos die dissipels daar op die berg saam met Jesus, opnuut hierdie roeping!

MAANDAGAAND 6 Junie 2011

MATTEUS 28:16-20; 16:13-23 - Vreemd, maar één...

"Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan" (Matt 28:16) – nie die twaalf nie, nee, die élf. Daar ágter skuil 'n hele storie. Jesus roep 'n vreemde kerk om Hom te volg.

Hier aan die einde van die Evangelie van Matteus sien ons dié vreemdheid van die kerk in die enigste figure wat oorgebly het na alles wat gebeur het, in "die vroue" wat tegelyk bly én bang is (28:8) en in "die elf" wat tegelyk aanbid én twyfel (28:17).

Matteus se verwysing na "*die elf dissipels*" is ook*die verhaal van die kerk* van die eeue, en van ons vandag. Ons is nie meer twaalf nie, maar elf – met al die assosiasies en herinneringe wat dáárdeur opgeroep word. Die verhaal van die elf is die verhaal van die *weerstand* aan die kant van die dissipels, van hulle groeiende onbegrip en hulle toenemende ontrou aan Jesus, van hulle teleurstelling in Jesus – van hulle ongeloof en gebrekkige vertroue, hulle verloëning en verraad.

Dwarsdeur die Evangelie van Matteus sien ons al meer o*nderlinge verdeeldheid,spanning en konflik* tussen die dissipels –al meer afguns, naywer en mededinging, onderlinge kritiek en verwyte,verdeeldheid oor wie die grootste en belangrikste is, oor wie aan Jesus se regterhand mag sit, konflik oor baasskap en wil-voorsê-vir-mekaar en wil-heers-oor-mekaar, soeke na persoonlike belang, meningsverskille oor wie vir wie moet vergewe en hoeveel keer. Dit alles vind plaas *in die hart van die dissipelkring, in die hart van die kerk, tóé al, en steeds deur die eeue daarna tot vandag*.

As Matteus daarom sy beskrywing van hierdie laaste toneel saam met Jesus op die berg in Galilea doelbewus begin met die woorde “die elf dissipels” dan roep hy al hierdie herinneringe by ons wakker - die weerstand en die ontrou, die onderlinge spanninge, stryd en skeuringe van die kerk.

Daar is veral twee verhale wat Matteus vir ons vertel wat ons aan die mislukking van die kerk herinner: Die twyfel van Johannes die Doper en die verloëning deur Simon Petrus.

As *Johannes die Doper* in die tronk hoor wat Jesus alles doen, dan is dit vir hom só vreemd, só teleurstellend anders as hoe hý hom die koms van die ryk voorgestel het. Hy gaan so ver as om mense na Jesus te stuur en vir Hom te gaan vra: *“Ís U die Een”*, of nie? Wat gaan aan? En wat word van mý as dit só aangaan? Sodat Jesusvir hom, die profeét onder die profete!, moet laat weet: *“Gaan vertel vir hom wat julle sien en hoor. Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dooies word opgewek, en aan armes word die goeie nuus verkondig. En gelukkig is elkeen wat nie aan My begin twyfel nie.”*Letterlik: wat nie aanstoot neem aan My en aan die vreemde manier waarop Ek Gods liefde beliggaam en verkondig en uitleef nie.

Met *Petrus* is dit nog méér aangrypend – Matteus beskryf vir ons die dramatiese verhaal van hoe Petrus net ná sy belydenis dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God – daardie belydenis waarop die kerk vir ewig gebou sou word, die belydenis wat aan Petrus geopenbáár is, die belydenis waardeur hy as die stem, as die verteenwoordiger van die kerk gestempel word – hoe Petrus hom direk daarná verset teen Jesus as Hy sy lyding voorspel, sodat Jesus vir hom moet sê hy is Satan – hy is ‘n struikelblok, hy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê! Hý, Petrus, dié dissipel onder die dissipels, die rots van die kerk, belydenis en al!

Maar dit raak nog erger: Die laaste aand, as hulle saam met Jesus *op pad is na die berg*, na die Olyfberg, as Jesus wéér sy eie lyding voorspel, en óók dat Hy hulle vooruit sal gaan na Galilea toe, waar hulle mekaar wéér gaan sien, dan sê Petrus – die dissipel, die kérk – hy sal Jesus nooit in die steek laat nie, hy sal eerder saam met Hom sterwe, maar hy sal Hom nooit verloën nie (26:30-35). En al die ander dissipels het óók so gesê, voeg Matteus by, sodat ons nie sal vergeet nie (26:35b).

Oomblikke later, *in Getsemane*, kan hy nie eens wakker bly nie (26:36-46). En as “een van die twaalf” – sê Matteus uitdruklik, sodat ons tog moet hóór, moet verstáán wat gebeur (26:47) – as een van die twaalf dissipels daar opdaag met ‘n groot klomp mense met stokke en swaarde, dan laat Petrus vir Jesus in die steek en hardloop hy weg (26:56b).

Selfs nóg erger! Enkele ure later verloën hy vir Jesus drie maal in die binnehof van Kajafas se huis (26:69-75). Matteus vertel dit op ‘n besondere manier: Elke keer ontken Petrus naamlik sy verwantskap met Jesus *van Galilea*! Hy ontken dat hy hierdie Jesus ken, die Een van Galilea. ‘n Mens kan maar net wonder wat alles deur Petrus se kop moes gegaan het toe “die elf” weer vir Jesus daar op die berg in Galilea gesien het?

Wat ‘n vreemde verhaal, wat ‘n vreemde kerk, dié “elf”! *Tegelyk* bly én bang, bang én bly; tegelyk aanbid én twyfel, twyfel én aanbid; tegelyk bely én verloën, verloën én bely, afgunstig, vol spanning en stryd – ja, net elf, nie meer twaalf nie, en met die elf óók self aan die weerstand bied, aan die slaap, aan die ontken, aan die weghardloop, aan die twyfel, onderling gebroke, verdeeld, versplinter. Wat ‘n vreemde verhaal van die dissipels, van die kerk, van óns? Nie meer twaalf nie, net elf – dáár

agter lê ‘n storie. Met die elf ook maar broos en gebroke – dáár agter lê baie stories. Dís die kerk. Só lyk ons.

Die verhaal van die kerk van Jesus Christus, van die Pinkster-kerk, is nie ‘n verhaal van menslike grootheid en sukses en prestasie, van aansien en invloed, van geloof en toewyding nie – dit sal duidelik word in die boek Handelinge, as die Heilige Gees die vroeë gemeentes stig en bou; dit sal duidelik word in die lange geskiedenis van die kerk deur die eeue; dit sal duidelik word in ons eie onlangse geskiedenis en in ons eie kerklike lewe; maar dit word ook al duidelik hier in die Evangelie van Matteus, die kerk-evangelie. Dit was nooit anders nie, altyd maar só – die kerk van Jesus is tegelyk wonderbaar én weerloos, tegelyk kragtig en tog só broos.

Die verhaal van die kerk is die verhaal van brose mense wat, terwyl hulle nader stroom na Jesus met hulle nood, steeds bang is; wat terwyl hulle Hom aanbid, steeds twyfel; wat tegelyk bly én bang is; wat terwyl hulle sáám kom, onderling tog diep verdéél is; wat terwyl hulle hulself voorneem om Hom getrou te dien,al reeds weer twyfel, verloën, en selfs verraai; wat tegelyk langs Hom wil sit én mekaar niks gun nie; wat tegelyk Hom wil liefhê, maar nie mekáár nie.

Dis om dié rede dat ons elke Sondag saam met die kerk van alle eeue en plekke *bely dat ons gló in die één kerk van Jesus Christus*. Matteus beskryf vir ons dié een kerk – één omdat dit oop is vir almal, omdat dit nooi, verwelkom, insluit, maar ook één in gebrokenheid en onderlinge verdeeldheid en stryd. Daarom síén ons nie altyd dié eenheid nie. Ons sien te veel uitsluiting. Ons sien te veel spanning. Daarom belý ons dat ons in dié een kerk glo al sien ons so min daarvan.

Daarom bely ons met berou in hierdie Pinkstertyd ons eie aandeel in al die uitsluiting en in al die verdeeldheid. Daarom pleit ons in hierdie Pinkstertyd vir méér sigbare eenheid, ook in óns gemeentes en gestaltes van die kerk, meer openheid en insluiting, meer een van siel en een van sin, meer van één Gees deurdronge.

DINSDAGAAND 7 Junie 2011
Saam Met Jesus Op Die Berg
(Opgesom deur ‘n Hoorder)

Matt 28: 16-20: *Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het.*
Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Matt 4: 18-25:*Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, sien Hy twee broers: Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas. Hulle was besig om 'n werpnet in die see uit te gooi, want hulle was vissers van beroep.Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg.... Hy sê toe vir hulle: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.”...Groot menigtes uit Galilea, Dekapolis, Jerusalem, Judea en van oorkant die Jordaan af het Hom gevolg.*

Matt 9:35 – 10:8:*Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak.Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie.Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die*

arbeiders min.... Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak..... Gaan verkondig: 'Die koninkryk van die hemel het naby gekom.' Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.

Christene is mense wat aan Chistus behoort… Die Christelike kerk is die kerk wat aan Jesus Christus behoort!

Die Apostels het die Evangelie uitgedra as "die verhaal van Jesus Christus terwyl Hy op aarde was." Net so het geslagte dit oorgedra van geslag tot geslag.

Ook die doop bevestig die Evangelie met "Ek doop jou in die naam van die Vader en die Seun en die Helige Gees." Só word die volgende geslag deel van hierdie kerk van Jesus Christus! "die doop is die seël…."

Jesus se optrede hier op aarde het in drie fases plaasgevind:

- Jesus soek en roep dissipels – leerlinge (Matt 4:19)
- Hy leer hulle (Matt 5-7 – Sy bergrede)
- Hy wys hulle hoe met Sy optrede (Matt 8 & 9). Ons lees van 3x3 wonderwerke en selfs van vergewing van sondes en Hy nooi tollenaars uit… "Só werk Dissipelskap!"

Dán stuur Hy hulle uit om ook só te maak – soos Hy hulle geleer en gewys het! Hy gee vir hulle mag – bemagtig hulle.

Op die berg in matt 28:19 sê Hy vir hulle die werk is nog nie klaar nie. Ook in 2011 is daar nog werk – stuur Hy my…. Na alle nasies!

WOENSDAGAAND 8 Junie 2011

Saam Met Jesus Op Die Berg – Hy doen wat Hy verkondig!

(Opgesom deur 'n Hoorder)

Matt 28: 16-19: *Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het.*
Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
Matt 5: 13-16:*"Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout?....*
"Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;
...Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."
Matt 7:21-28:*"Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is."Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het.*
Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas oor sy onderrig,

Dwarsdeur die Mattheus Evangelie roep Jesus mense om soos Hy te wandel. Hy waarsksu teen die "suigkrag" van hierdie wêreld en die verval van die moraliteit van mense en groepsdruk… Hy waarsku

teen die versoeking om Sy Evangelieboodskap te verwater – niksseggend raak sodat mense wat dit hoor die Boodskap van die koninkryk van God sal miskyk.

In Sy bergrede sê Jesus: "Onderhou wat Ek julle leer; Gee lig in die wêreld; wees die sout van die aarde; doen My wil; volg My!"

Jesus, die Here, sal vir my die krag gee! Sal ek bereid wees om alles te verkoop en Hom te volg?... Wie sal dan gered word?

Wat belangrik is is dat my dade nie my woorde weerspreek nie: moenie wrokke dra nie; skryf skuld af; laat my JA JA wees en my NEE NEE…. Kyk na die gelykenis van die laaste oordeel: "Vir sover jy dit aan een van hierdie geringstes gedoen het, het jy dit aan my gedoen…." Jesus op die berg roep Sy kerk om alles te onderhou; te doen en nie net te praat nie.

Sy kerk is heilig – ons moet dit ook wees; nie in eie krag en vuil soos ek is nie, maar skoongewas; rein deur Jesus se bloed – Sy genade! Bly in Hom. Hy vou my toe met Sy lewe en Sy heiligheid. So staan ek heilig voor God – 'n bevryde mens! "Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus is nie.."

Ek is heilig! Ek, boemelaar, is erfgenaam van Jesus. Ek moet **word wat ek is** – soos Jesus. Ek het reeds al die gawes wat in die hemel is. Ek moet gaan **leef wat ek is**: Ek bely dat Jesus mense vrymaak – ek moet dan ook mense vrymaak.. wat ek bely moet ek doen! As ek aan Jesus behoort, moet ek Sy voorbeeld volg; Sy opdrag uitvoer. By Hom op die berg sien ek myself soos ek is. **Is my dade in pas met my woorde?**

DONDERDAGAAND 9 Junie 2011
MATTEUS 28:16-20;God is Saam Met Jesus Op Die Berg

(Opgesom deur 'n Hoorder)

Matt 28: 16-20: *Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het.*

Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

Wat sien ons op die berg waar Jesus saam met Sy dissiples en die vroue is? Net 'n paar mensies vir wie Jesus hierdie geweldige opdrag gee! (v19-20). Nee, die lewende God is agter hierdie opdrag! Waar is dan nou al die baie mense wat mekaar verduk het en baie ver gekom het om Jesus te sien en te hoor? Net 'n paar het oorgebly en selfs een van die twaalf is nie meer by hulle nie!

Die boodskap van Jesus se koms na die wêreld loop dwarsdeur die Evangelie - die rede vir Sy koms. Tog is daar ongeloof; stories dat Sy "lyk" gesteel is (Matt 28:11-15). Jesus het telkens die doel van Sy koms beklemtoon – God se plan vir hierdie vervalle wêreld! Nou gee jesus hierdie opdrag aan hierdie paar mensies… "ALLE mense; ALLE lande"? Eenvoudige mense, maar "*Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."* Sê Jesus!

Daarom is die opdrag nie onmoontlik nie! dis nie my krag nie! dis God vir wie ek verteenwoordig – Sy mag wat deur my vloei; die heilige God wat mense *"by hulle naam roep*" (Jes 43:1)! "Doop hulle" (in die naam van die Vader...)

Die Here leef! Ek is Sy instrument; die projektor wat God se lig weerkaats en uitstraal.

Sy Gees woon in my!